

DIE BETEKENIS VAN DIE
OPENBARINGSBEGRIP VIR
ONSE TYD.

REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT
IN DIE GODSDIENSWETENSKAP AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,

UITGESPREEK OP

DONDERDAG, 2 JUNIE 1938,

deur

H. P. WOLMARANS.



Pretoria
1938

DIE BETEKENIS VAN DIE
OPENBARINGSBEGRIP VIR
ONSE TYD.

REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT
IN DIE GODSDIENSWETENSKAP AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,

UITGESPREEK OP

DONDERDAG, 2 JUNE 1938,

deur

H. P. WOLMARANS.



Pretoria
1938

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA.

Reeks IV.: Intreeredes No. 12.

Hooggeagte Rektor, Hooggeagte Professore, Lede van Senaat en die Raad, Here Predikante hier teenwoordig, Dames en Here Studente:

Dit verheug ons enigsins dat ons vandag hier so saam mag wees en dat ons by die aanvaar van die professoraat in die Godsdienswetenskap in belang van afdeling A (Nederduits Hervormde Kerk van Afrika) van die Teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, die geleentheid het om met mekaar beter kennis te maak.

Ons wil u dan daartoe graag in die geleentheid stel aan die hand van die oordenking van 'n teologiese onderwerp, wat nie alleen vir die teologie nie, maar ook vir die geloofslewe van die gelowige christenmens van die allergrootste betekenis is, nl. die „openbaringsbegrip.” Dit is seker nie oordryf nie, as ons hier beklemtoon dat die christelike openbaringsbegrip die hartaar van die christelike teologie en die christelike geloofslewe is en dat dit deur teoloë van naam van al die eeue as sulks gesien is. Met sy openbaringsbegrip staan of val die Reformatoriese Christendom, waar ons, naar ek meen, almal aan behoort. 'n Suiwere, onvervalsde openbaringsvoorstelling, soos wat dit vir ons vasgelê is in die Skrif. sal die Christelike Kerk altyd as kerk en gemeente van Jesus Christus, die Seun van die lewende God, in hierdie wêreld kenmerk; terwyl 'n verwaterde en vervalsde openbaringsvoorstelling die direkte oorsaak word van 'n verwaterde Christendom, wat wel sy religieuse karakter behou het, maar sy tipies christelike karakter reeds afgelê het, om daarna onbelemmerd te kan wedywer met alles wat telkens op die groot jaarmark van die religieuse wêreld in die algemeen tentoon gestel word.

Laat ons vir 'n enkele oomblik net u aandag vestig op enige van die vernaamste onderprobleme wat sig op hierdie gebied voordoën. Onder „openbaring van God” is al allerlei en nog wat verstaan, maar om verwarring aan die kant van die hoorders te voorkom, sal ons by voorbaat al enige lyne moet trek en aan die hand van bepaalde vraagstellings enige

beslissings moet maak om daarna meer op sekere aspekte van die openbaringsbegrip toe te spits.

Die eerste vraag wat in hierdie verband by ons opkom, is seker die vraag: wat is openbaring? en dan: Wie is Hy of wat is dit wat sig openbaar? Aan wie word die openbaring gemaak? In wie se belang en met watter doel? Op watter manier vind hierdie openbaring plaas, d.i. deur watter middels, wie of wat is die medium van die openbaring?

Die beantwoording in volle besonderhede van hierdie vrae sal meer as die tyd, wat tot onse beskikking gestel is, in beslag neem en daarom sal ons die vrae, wat vir *ons* almal tenminste onnodig sal wees om oor te twis, van christelike standpunt uit beantwoord en verder maar verbygaan en ons dan alleen gaan bepaal by probleme wat werklik nog probleme is en waaroor, selfs binne die grense van die Christelike Kerk, nog groot verskil van opvatting bestaan.

In die eerste plek lê ons ons neer by die christelike vooronderstelling dat dit God is wat Hom openbaar en in die tweede plek is dit vir ons christelike besef net aan die mens aan wie God Hom openbaar. Die Skrif, vir ons die geopenbaarde Woord van God, begin met die erkenning van die bestaan van God en mens. En wat onophoudelik aan die orde in hierdie Skrif is, is die vraag: hoe staan die mens voor God? Wat is sy verhouding, sy relasie tot God? Dis dan ook hierdie vraag wat sy volle beantwoording vind in Christus, die ewige en enigste Middelaar tussen God en mens. Dis hierdie vraag wat reeds in die begin van die geskiedenis van die menslike geslag aanleiding gegee het tot daardie ander belangrike vraag: vanwaar die kwaad? En die antwoord op hierdie vraag is die skeppingsverhaal in die boek van Genesis: dat God die Skepper-Heer is en alles goed en volmaak gemaak het, en dat die oorsaak van die kwaad dus nie by Hom gesoek moet word nie. Dit is dus God wat openbaar, Homself en aan die mens. Met die skolastiese voorstelling van 'n openbaring van God aan Homself wat vir die mens nie toeganklik sou wees nie, vir die mens geen betekenis sou hê nie en wat buite die bestek van Gods Woord en die kerk van Christus lê, sal ons ons hier nie mee bemoei nie. Die openbaring van God is vir die mens bestem en vir die mens alleen; nie vir die engele nie en ook nie vir de res van die skepsels nie.

Nou die belangrike vraag: wat is hierdie openbaring, wat openbaring is van God aan die mens? Openbaring van God het in die eerste plek die betekenis van mededeling van godskennis aan die mens. Die mens wat in hierdie wêreld

leef in 'n sfeer van ongeluk en onvrede; hy soek naar God en het behoefte aan kennis van God, wat hom tegelykertyd ook die weg naar die geluksaligheid sal aanwys. Maar van christelike standpunt uit gesien, is openbaring nog veel meer as mededeling van godskenis. Dis ook mededeling van sigself tot heil en verlossing van die mens. Daarom lê daar in die begrip openbaring reeds die begrip genade opgesluit. In sy openbaringsdaad tree God self as Verlosser van die mens te voorskyn. Hy is die Verborgene wat sig meedeel en bekendstel. Maar in hierdie openbaring en bekendstelling hou Hy nooit op nie om die Verborgene te wees. Sy verborgenheid word nie geheel nie en selfs ook nie gedeeltelik uitgeput nie. Openbaring van God is geen verskyning van God nie. 'n God wat sou *verskyn* in die natuur of in die geskiedenis sal eindelik tog moet ophou om die Verborgene en die Onbekende te wees.

Die belangrikste vraag egter vir onse oordenking sal wees die vraag naar die vorms van openbaring en die medium van openbaring. As God Hom aan die mens openbaar, in watter vorm en deur watter middel doen hy dit dan? Dit is hierdie vraag wat die groot strydvraag vir al die eeue was en dit vandag nog is. Dis 'n strydvraag in die eerste plek gewees tussen die openbaringsvoorstelling van die christelike geloof aan die een kant en die heidense religies aan die ander kant. Dis egter ook die strydvraag tussen verskillende strominge in die Christendom self.

Emil Brunner, een van die verteenwoordigers van die Dialektiese Teologie, begin een van sy belangrikste werke met die opmerking: *God kan alleen deur God geken word.* Die betekenis van hierdie sinsnede kan tweërlei wees. In die eerste plek beteken dit, dat elke openbaring 'n openbaringsdaad van God is, dat die inisiatief dus van God uitgaan. Dis Hy, wat terwille van die heil van die mens persoonlik as Verlosser te voorskyn tree. Maar in die tweede plek kan hierdie sin ook nog dit beteken: dat die Medium, die Middelaar deur Wie God Hom openbaar ook God moet wees. Dit is die Middelaar Jesus Christus, die vleesgeworde Woord van God en self ook God, wat kragtens sy goddelike natuur God die Vader aan die wêreld openbaar. God openbaar Hom so dan alleen in sy Woord en die enigste openbaring wat vir ons toeganklik is, is die openbaring in Christus, omdat dit die enigste Woord is wat vlees geword het. Nogtans is dit geen verskyning van God in die vlees nie maar openbaring, sodat God in die historiese Jesus nog steeds die verborge God bly. Openbaring word dit eers wanneer dit deur die subjektiewe werking van die Heilige Gees openbaring word vir die mens.

Dit is die Gees-openbaring of subjektiewe openbaring teenoor die Woord-openbaring of objektiewe openbaring in Christus.

Teenoor hierdie openbaringsvorm van die christelike geloof staan die natuuropenbaring waarby God van die hele natuur, die mens nie uitgesluit nie, gebruik sou maak om Hom aan die mens bekend te stel. Die middelaar by die openbaring is dus in hierdie geval nie God self nie, nie die Skepper nie, maar die skepsel, waarom daar ook gespreek word van skepselopenbaring teenoor die skeppersopenbaring. Hierdie natuuropenbaring is die openbaringsvorm wat voorkom by al die ander, dit is by die heidense godsdienste en is ook veelmalig, d.w.s. dit herhaal sig in die geskiedenis op verskillende tye en op allerlei maniere. Die gewone skepsels is middelaars by die openbaring, maar ook besondere persoonlikhede, soos Budda of die een of ander profeet. Eintlik is God besig om Hom in die hele skeppingsorde te openbaar, of liever te „manifesteer.” Dis een groot openbaringsproses met hier en daar hoogtpunte of uitstaande fases.

Hierdie twee vorms van openbaring is deur verteenwoordigers van die Christendom ook al op allerlei maniere verdedig:

(a) Die eerste moontlikheid is, dat 'n natuuropenbaring, vaak bekend onder die naam „algemene openbaring,” alleen verdedig kan word. Die Christus- openbaring of besondere openbaring word dan nie geloën nie, maar dit word aangesien as 'n besondere fase en miskien wel die beste fase van die algemene of natuurlike openbaring. Soos wat die persoon van Christus dan as Middelaar opgetree het, so is daar wel meer middelaars gewees en sal daar nog meer kom, so bv. Budda, Soroaster Mohammed en alle persone van groot betekenis binne en buite die Christendom.

(b) Die tweede moontlikheid is dat alleen die besondere openbaring in Christus as die enigste werklike openbaring erken word. Die natuurlike of algemene openbaring is dan geen openbaring nie en kan dit ook nie wees nie, omdat God Hom in die natuur nie kan openbaar nie, aangesien daar 'n absoluut kwalitatiewe verskil bestaan tussen God en natuur, Skepper en skepsel.

(c) 'n Derde moontlikheid is dat altwee hierdie openbaringsvorms as van geldige betekenis opgevat kan word vir die christelike geloof. God openbaar Hom dan of het Hom geopenbaar in sy Woord wat in Christus vlees geword het, en onder ons gewoon het; maar daarnaas is daar ook nog 'n openbaring van God in die natuur en mens meen sig selfs ook op die Bybel te kan beroep vir die verdediging van hierdie

dubbele openbaringsvorm. Die verhouding van die twee vorms teenoor mekaar wissel nogal geweldig en dit is selfs geen uitsondering nie dat die verhouding van die Woord-openbaring teenoor die natuuropenbaring deur dieselfde godgeleerde vaak op verskillende maniere voorgestel word. Dit vind ons selfs by gereformeerde teoloë van naam. So spreek Bavinck bv. oor Christus, die Logos, dat Hy is die Beeld van die onsienlike God, d.w.s. Hy is die enigste Openbarer van God aan die wêreld, en daarna gaan hy met net soveel klem bevestig dat daar 'n nog steeds magtig voortgaande openbaring van God in die natuur is.

Die eerste openbaringsvoorstelling wat ons hierbo genoem het en waar daar alleen een openbaringsvorm, n.l. die natuurlike openbaring is, en waar die openbaring in Christus maar 'n onderdeel van is, is die openbaringsvoorstelling van die vrysinnig-modernistiese Christendom en is o.i. van uit die standpunt van 'n skriftuurlike teologie nie te verdedig nie en moet hier beslis afgewys en verder maar stil verby gegaan word.

Wat onse aandag in die res van hierdie oordenking sal geniet is die derde moontlikheid, n.l. dat 'n algemene of natuurlike openbaring aanvaar kan word naas die openbaring van God in sy Woord. Ons vind hierdie openbaringsvoorstelling net so bedenklik as die eerste moontlikheid n.l., die van 'n natuurlike openbaring as die enigste geldige openbaring. Ons meen te moet verdedig dat daar alleen tussen twee openbaringsvoorstellings gekies kan word: óf alleen 'n natuuropenbaring, d.w.s. 'n openbaring van God aan die mens in „natuur, geskiedenis en mensegees” en daarmee is mens in een lyn met alles wat die heidense religies al die eeue deur oor openbaring te sê gehad het; óf daar is maar die een openbaringsvorm, n.l. van God in Christus, sy Woord. Daar is maar tweërlei moontlike voorstelling van die godskennis. Dis die natuurlike godskennis met 'n natuurlike teologie van die heidendom van al die eeue of daar is die godskennis wat die vrug is van die openbaring van God in sy Woord.

As Christene neem ons as uitgangspunt, bron en norm van alle Waarheid en van ons christelik-teologiese denke, die Skrif as die geopenbaarde Woord van God. Maar as nasaat van die Reformasie neem ons die reformatoriese teologie as ons historiese uitgangspunt. U sal my dus wel vergun om heel kortliks na te gaan, wat die Reformatore geleer het oor die natuurlike openbaring en natuurlike godskennis.

Luther gebruik die twee terme natuurlike openbaring en natuurlike godskennis, maar dit het vir hom geen positiewe

betekenis nie. Hy erken die bestaan daarvan, maar noem dit meer verkering van die waarheid as die waarheid self. In werklikheid kom dit dus by Luther hierop neer, dat daar vir hom geen natuurlike openbaring en geen natuurlike godskennis bestaan nie.

By Zwingli die Switserse Hervormer vind ons die twee bekende gedagtereekse wat onversoend teenoor mekaar staan. Zwingli die filosoof neem aan, dat die siel van die mens self goddelik is en daarom ook van natuur alle godskennis besit. Die natuuropenbaring is hier die enigste openbaringsvorm wat bestaan, terwyl die Christus-openbaring hiervan maar 'n onderdeel is. Maar hierteenoor leer Zwingli, die eksegeet en christenteoloog, dat die mens God uit en deur die natuur nooit kan ken nie, en dit nie omdat hy sondaar is nie, maar omdat hy kreatuur, skepsel van God, is. Hy handhaaf hier sterk die absoluut kwalitatiewe verskil tussen God en mens, want „'n mens weet uit homself net so min wie en wat God is, as wat 'n kewer weet wat 'n mens is.” Kennis van God by die mens is alleen langs een weg moontlik en dit is die weg van sy Woord en sy Gees. Ook in die oerstaat, dit is in die staat van die mens voor die val, was daar geen natuurlike openbaring en geen natuurlike godskennis gewees nie. Ook toe was kennis van God alleen moontlik deur die openbaring van God in sy Woord.

Calvyn het veel meer plek vir die natuurlike openbaring en die natuurlike godskennis. Die natuurlike godskennis is aan alle mense eie en is vir hom selfs die saad van die religie. Die Woord van God het per slot van rekening hierby alleen aanvullende betekenis, want dit is alleen die „bril” om die openbaring van God in die natuur op te merk. Tog gaan hy daarna verder en verklaar dat hierdie natuurlike godskennis 'n saad van die religie is, waar nooit enige vrug op gesien sal word nie. Dit is „ongenoegsaam” en selfs „nutteloos” vir die saligheid. Ons vra u nou: watter betekenis het die natuurlike openbaring en die natuurlike godskennis dan nog? En as dit geen betekenis het nie, waarom moet die bestaan en die werklikheid daarvan dan bevestig word? Dan kom dit immers maar op dieselfde neer as wat Paulus sê, dat die wat buite Christus is en Gods Woord nie het nie „sonder God is in die wêreld,” „vervreemd van God is” en „verduister in hulle gemoed en in hulle vleeslike verstand.”

Ten opsigte van hierdie drie vernaamste verteenwoordigers van die Reformasie kan ons dus sê, dat hulle in laaste instansie tog die natuurlike godskennis met die natuurlike openbaring beslis verwerp. Die bestaan daarvan word nie ontken nie, maar die waardeloosheid daarvan beslis bevestig;

want dis 'n openbaring hier wat meer verkering van die waarheid is as openbaring daarvan; dis 'n godskennis waar as saad van die religie nooit enige vrug op gesien sal word nie; 'n godskennis wat „ongenoegsaam” is en selfs „nutteloos” vir die saligheid. Dat die Reformatore nie soos uit een mond die bestaan van hierdie natuurlike openbaring en van hierdie natuurlike godskennis ontken het nie, moet verklaar word uit die aporie, die verleentheid, waarin hulle gesit het met die vraag: vanwaar kom al die elemente van waarheid en godskennis, wat ons tog moet erken by soveel van die heidense godsdienste, hoe verdwaald en hoe verward dit ook al mag wees? Dat dit vermengde en verminkte reste kon wees van Gods Woord-openbaring, die algemene Woord-openbaring of skeppingsopenbaring of die besondere Woord-openbaring, het by hulle nooit opgekom nie. Dat die erkenning van die bestaan van die natuurlike openbaring en die natuurlike godskennis die openbaring van God in Christus en die godskennis deur sy Woord, nie aanvul nie, maar daarteen ingaan en dit bedreig, het die Reformatore wel deeglik besef; vandaar dat hulle die betekenis daarvan tot minimum herlei het. Dat hierdie erkenning 'n bedreiging was van die absoluutheid en algenoegsaamheid van Christus as die enigste Openbaring van God, wat vir die mens nog toeganklik is, en as die enigste en die absolute Middelaar tussen God en mens en dat hulle daarmee die christelike geloof oopgestel het vir allerlei verval en verwatering; dit alles het die Reformatore nie kon voorsien nie. Hulle was tevrede met die feit, dat hulle die waardeeloosheid van die natuurlike openbaring en van die natuurlike godskennis vir die gelowiges van hulle tyd beklemtoon het en maar gehoop dat die aanhangers van die Reformasie tot in die verste nageslag dit sal besef.

Dis by hierdie besluit van die Reformatore wat ons ons in ons neo-reformatoriese denke met die grootste beslistheid by moet aansluit. Die lyn moet alleen verder deurgetrek word. Nie alleen dat die natuurlike openbaring en die natuurlike godskennis vir ons denk- en geloofsluwe maar minimum betekenis het nie, maar dit bestaan nie en het nooit bestaan nie, en die erkenning daarvan, al is dit in die sin van minimum betekenis van die Reformatore, is alleen 'n bron van gevaar vir die christelike geloof en kan alleen die oorsaak word van verval en veragtering van die genade van God.

Om die twee openbaringsvorms n.l., die openbaring van God in natuur, geskiedenis en mensegees en die openbaring van God in Christus, sy Woord, naas mekaar te handhaaf, as in al twee die gevalle van positiewe betekenis, sal die probleme vir die christelike teologie en die christelike geloofsluwe nie oplos

nie, maar vermenigvuldig. As daar b.v. twee van mekaar verskillende vorms van objektiewe openbaring van God is, dan moet daar ook twee middels van openbaring wees: Gods Woord, Christus en die natuur, die skepsel, en wat is dan die wesenlike verhouding van die een tot die ander? Is Christus dan eenswesens met die natuur? As God Hom deur middel van die skepsel net so goed as deur sy Woord openbaar, waarom het Hy Hom dan nie alleen deur die skepsel geopenbaar nie? Waarom dan nog deur sy Woord Christus ook? Bavinck voel die gewig van hierdie vraag, maar dan gee hy hier 'n antwoord op wat ons uiters bedenklik voorkom: dat daar naas die openbaring in sy Woord 'n *nog steeds magtig voortgaande openbaring van God in die natuur is*. En die onskuldige beeld van Calvyn van die „bril” gaan hy nog verder uitwerk en beklemtoon, n.l. dat die Christus-openbaring maar 'n bril is om die eintlike openbaring van God in die natuur te sien. En wat word dit nou, veral as ons daaraan dink dat openbaring veel meer beteken as mededeling van godskennis? want dit beteken ook selfmededeling, genade en verlossing. Die bril is, soos ons weet, maar 'n hulp, ons sou selfs sê, 'n noodsaaklike kwaad. Is die openbaring in Christus dan nou maar 'n hulpopenbaring? Is Christus dan nou maar 'n hulpverlosser, 'n hulpsaligmaker en 'n noodsaaklike kwaad selfs? Is genade dan nou 'n hulp vir en 'n herstelling van die natuur? Het ons dan nou nie met onse protestantse en veral onse gereformeerde teologie by die Roomse leer van natuur en genade uitgekom nie?

As daar twee naas mekaar bestaande geldige openbaringsvorms is, dan is daar ook twee geldige bronne van godskennis, n.l. die wetenskap wat hom op die waarneming fondeer en die Woord van God wat Hom op die geloof beroep. En as die twee dan altwee geldig is, wat is hul wesenlike verhouding tot mekaar? Wat is dan die verhouding van die filosofie tot die Woord van God?

Die natuuropenbaring in objektiewe sin is geen hulp vir die woord-openbaring nie, maar maak dit juis onmoontlik. Dit sou beteken dat die natuur wat voorwerp van waarneming is, ook die openbaringsmiddel moet wees en dit sou beteken dat God wat Hom openbaar eenswesens met daardie natuur, daardie openbaringsmiddel moet wees. Dit sou hoogstens 'n *teofanie*, 'n verskyning van God in die natuur wees, maar geen goddelike *openbaring* nie waarop Jesus doel met sy woorde aan Petrus: Salig is jy seun van Jona, want dit is geen vlees of bloed wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die Hemel is.”

Ons kan dus nooit anders besluit nie dan dat daar maar

een openbaring van God aan en vir die mens is en dit is sy openbaring in sy Woord, wat in Christus vlees geword het en onder ons gewoon het. Daar is natuurlik allerlei draers van hierdie Woord-openbaring: die engel of die profeet of die godsmen, ens., maar daarmee is hierdie draers self nog nie die openbaring van God nie. Daar is nie twee vorms van geldige openbaring nie. En as die Nederlandse Vaders dit wel sou bedoel het met hulle openbaring in *Skriftuur en in natuur*, dan sou hulle hul aan die grootste dwaling skuldig gemaak het. Die eerste, d.i. die openbaring in Skriftuur is natuurlik die vooronderstelling van die laaste. Die openbaring in natuur is illustrasie en inhoud van die openbaring in Skriftuur, dit sien op die immanensie en die alvoorsienigheid van God en die eerste op sy transendensie. Dis alleen aan hom wat God uit die Skrif leer ken het as die Skepper van hemel en aarde, aan wie die hemele die eer van God vertel en aan wie die untpansel die werk van sy hande verkondig.

Daar is dus maar een openbaring van God aan die mens en dit is sy openbaring in sy Woord en daar is maar een vleeswording van hierdie Woord en dit is Jesus Christus. Dis ook die hele betoog van Paulus in Kol. 1 en 2. Hy, n.l. Christus, is die Beeld van die onsienlike God, d.i. Hy is die Openbarer van God; Hy is die Eersgeborene van al die skepsels, d.i. Hy is die Skepper van alles wat bestaan in hemel en op aarde. Hy is ook die Eersgeborene uit die dooies, d.i. Hy is ook die Herskepper, deur wie die mens weergebore word, verlos word en tot God teruggebring word. En daarom moet verwerp en veroordeel word: die verering van die Eerste Beginsels van die wêreld, van seremonies en eie wetjies van raak nie en smaak nie en roer nie aan nie, die verering van die engele, die hoë skatting en waardering van gesigte, drome en ander produkte van die vleeslike en opgeblase verstand. Dit wil dus sê: Een is hy wat God aan die mens openbaar en Een is Hy wat die sondaar verlos en weer terug bring tot God.

Die subjektiewe openbaring is die openbaring waarin hierdie Woord-openbaring deur die werking van die Heilige Gees en as gevolg van Gods onbegryplike genade ook openbaring word vir my. Dis die oomblik waarop die loodreg van Gods Woord van bo neerslaan soos 'n donkerkeil in die horisontale vlak van die menslike gemoed; die oomblik waarop die mens Gods sprekende Woord werklik hoor en in die geloof vasgryp: wat wil U nou Here, dat ek sal doen?

Daar is tweeërlei waarheid en daar is tweeërlei werklikheid. Die een lê nie in die verlenging van die ander nie. Daar is skeppende Waarheid en daar is skeppende Werklikheid en daar is geskape waarheid en geskape werklikheid. Die twee

mag nie strafloos met mekaar vermeng word nie, want daar bestaan tussen die twee 'n absoluut kwalitatiewe verskil. Die een is inhoud van Gods woordopenbaring en die geloof en die ander is inhoud van die wetenskap en die waarneming. Die verwarring van die twee is die kenmerk van 'n godverlate heidendom en loop uit op afgodediens. Dit is wat werklik gebeur by die maak van beelde en gelykenisse van God. Om 'n geldige natuuropenbaring naas 'n openbaring van God in sy Woord aan te neem, beteken dat die skepsel verhef word tot Beeld van God. Dit is skepselvergoding en Godveragting tege-lyk. Dis 'n halwies om halwies deel tussen God en mens, tussen Skepper en skepsel, Ewigheid en tyd. Dis 'n soek naar 'n goue middeweg tussen God en mens, waar geen goue middeweg te vind is nie. God word gesien as die aanvulling van die mens. Hierdie dwaling is die oersonde van die menslike geslag, die sonde van Rome met sy leer van natuur en genade, van die Christus-loënde Modernisme en van almal wat die algenoegsaamheid en die absoluteitheid van Christus openlik of in 'n bedekte vorm loën.

Die openbaring van God is natuurlik terwille van die sonde aan die natuur en geskiedenis verbonde, maar daarom is die natuur en geskiedenis nog nie openbaring van God nie. Geen ondersoek in die natuur en geskiedenis sal dus tot die vasstelling van die inhoud van die christelike openbaringsbegrip kan lei nie.

Die leer van die natuurlike openbaring as oorspronklike en objektiewe openbaring van God en van die natuurlike gods-kennis as die eintlike kennis van God is tipies heidens. Dis die resultaat waartoe die godsdienstgeskiedenis sonder en los van die christelike geloof moet kom. En daarom moet die vraag: Of God Hom alleen in sy Woord geopenbaar het en of Hy Hom alleen in die natuur en deur die woord in die natuur, geskiedenis en mensegees geopenbaar het en nog openbaar, gesien word as die eintlike strydvraag tussen die christelike geloof met die openbarende Gods Woord aan die een kant en die geleerde heidendom met sy ontwikkelende wêreldrede aan die ander kant.

Die flagrante teenstelling tussen die lewensweg van die vrome Christen en die van die vrome heiden, word juis met hierdie verskil in openbaringsvoorstelling uitgedruk. Vir die eerste is die openbaring 'n Skeppers-openbaring, 'n openbaring van bo, van God naar die mens. Dis God wat in sy onbegryplike genade te voorskyn getree het in sy Woord as Heilbringer en Verlosser van die mens. Vir die vrome heiden aan die ander kant is openbaring natuuropenbaring of skepselopenbaring, 'n ontsluiting van onder af, 'n onthulling van die

logos of wêreldrede in die natuur en veral die menslike gemoed, die logos wat dan ook blyk God self te wees. Hiermee in verband staande is die verlossingsweg vir die gelowige Christen 'n katabatiese weg, 'n weg van bo, van God naar die mens, die mens wat hy in sy genade en liefde soek en ook vind deur middel van sy Woord. Die verlossingsweg van die vrome heiden aan die ander kant is 'n anabatiese weg, 'n weg van onder van die mens uit naar bo, naar God. Die weg van die gelowige begin by God en loop uit op die mens, en die van die vrome heiden begin by die mens en loop sogenaamd uit op God, die einddoel van die weg. In sy misties subjektiewe ervaring tree hy steeds uit eie vrye wil in verbinding met God en word eindelijk verenig met God.

Die betekenis vir die teologiese wetenskap van 'n dubbele openbaringsvorm n.l. 'n openbaring van God in natuur, geskiedenis en mensegees, naas 'n openbaring van God in sy Woord, sal ons vir ons uit die voorgaande al reeds kon opmaak het. Dit kan nie anders nie as aanleiding gee tot die neiging om gedurig alles tussen God en mens halpies om halpies te deel en gedurig te soek naar 'n goue middeweg tussen Skepper en skepsel, wat natuurlik die Middelaar tussen God en mens oorbodig moet maak. Dit moet lei tot 'n vermenging van Skepper en skepsel, van Ewigheid en tyd. Die een moet tot die ander herlei word, soos wat dit gewoonlik daarmee eindig dat die goddelike onder die natuurlike ingeskakel word en dat die woordopenbaring ten lange laaste gesien word as 'n fase in die een nog steeds magtig voortgaande openbaring van God in die natuur, tensy onder openbaring in die een geval iets anders verstaan word as in die ander geval.

Die absoluut kwalitatiewe verskil tussen God en mens, Skepper en skepsel, wat o.i. 'n grondwaarheid uit die Skrif is en ook die absolute vooronderstelling is van die openbaring van God, die Skepper-Heer aan die mens, die skepsel, sal deur die handhawing van 'n natuuropenbaring naas die woordopenbaring in Christus, gevaar loop om verlore te gaan. God word oplaas gesien as die verlenging van die mens en die Skepper as die verlenging van die skepsel. Geen wonder nie dat die vrome Bavinck met die handhawing van die natuuropenbaring as 'n tweede openbaringsvorm, sover kon kom om van die mens te spreek as „Mikroteos,” 'n God in klein, vir wie daar gevolglik onbegrensde moontlikhede bestaan en waarvan God maar net 'n Vergroting is.

Die handhawing van 'n geldige natuuropenbaring naas die Christus-openbaring moet onvermydelike uitloop op 'n botsing met die christelike geloof. Dit is die sluit van 'n vrede ten koste van die Waarheid, 'n vrede waar daar geen vrede mag bestaan

nie, die vrede van die dood, want hierdie vrede sal altyd tot stand kom tenkoste van die geopenbaarde Waarheid in Gods Woord. Die absoluutheid van Christus as die Openbarer van God en die Verlosser van die mensdom word hierby dan ook altyd die punt van aanval. 'n Christus wat nie meer die enigste Openbaring van God is nie en wat nie meer die enigste en absolute Saligmaker is nie, is nie die Christus van die Skrif nie.

Maar as die handhawing van die natuuroopenbaring naas die woordopenbaring 'n bedreiging is vir die christelike teologie, wat dan van die christelike geloofslewe? Die christelike teologie is immers nou verbonde aan die christelike geloof, waarvan dit die wetenskaplike bewerking is. Teologie is geen hersengimnastiek nie, maar dis van lewendige betekenis vir die geloofsbeskouing en die geloofslewe van die gemeente. Teologie het in die eerste plek nie juis direk met die leer te make nie, en ook nie met die lewe nie, maar met die geloof van die gemeente, die geloof wat sig uitwerk en uitleef in leer en lewe tegelyk.

Daarom sal 'n teologie, wat gegrond is op verkeerde grondbeginsels en op 'n verkeerde openbaringsbeginsel, die vrug wees van 'n verkeerde geloof en daarom moet die teologie wat die Christus-openbaring nie as die enigste openbaring van God aanvaar nie, 'n wetenskaplike bewerking van die ongeloof wees. Sulk 'n teologie sal weer die geloofslewe van die gemeente altyd met verval bedreig.

Die resultaat van die geloofslewe deur 'n vervalsde teologie is direk die verwaarlosing van die Woord van God as die enigste Lig op die pad en die enigste Lamp vir die voet. Dis wat werklik gebeur in ons tyd en helaas ook in ons land. By die religieuse mens het dit as gevolg, die nadruk lê op die betekenis van die eie mensewoord, wat opkom—in watter vorm ook al—uit die eie menslike gemoed en die eie religieuse ervaring. Hierdie subjektivistiese vroomheid openbaar sig in allerlei mistiese verskynsels en allerlei vorms van lekker-geloof. Dit word so maklik 'n „verinnerliking” en „verdieping” van die lewe, waar God as Heer en Meester nie by betrokke is nie, wat staan nog sy Woord en sy Kerk.

Die openbaring van God in sy Woord is die betrekkingspunt en die inhoud van die kerklike evangelieprediking. Daarom sal 'n moderne teologie wat die natuurlike openbaring aanvaar by sy sogenaamde prediking of kulturele opwekking sig altyd beroep op die openbaring van God in die natuur, geskiedenis en mensegees. Die wil van God word dan in ooreenstemming gebring met die geskiedenis en die natuur en die gevolg is 'n uiters oppervlakkige optimisme, waar ons hoe

gouer hoe beter van genees moet word. In hierdie optimisme kan natuurlik met die sondefeit geen erns gemaak word nie. Met sulk 'n prediking moet die geloofslewe alles behalwe eksistensiël wees, d.w.s. alles behalwe as gedra deur die besef dat die mens staan en moet staan voor God, staan met die angsgeroep in sy ellende en nood voor God.

Wat ons vroeër gesê het, wil ons hier andermaal bevestig: die natuuropenbaring is onverenigbaar met die Christusopenbaring; daar is van christelike standpunt uit gesien geen natuuropenbaring nie, geen natuurlike godskennis nie en geen natuurlike teologie nie. Die bestaan daarvan is denkbeeldig en spesifiek heidens. So alleen kan die christelike geloof dit sien en nie anders nie.

Hooggeagte Rektor, Hooggeagte Professore, Dames en Here: Só meen ons om u te laat sien waar vir ons naar onse opvatting onse roeping lê. Dis die roeping van die christelike teologie van ons tyd om, soos Brunner dit uitdruk, die christelike geloof te suiwer van ongewenste Grieks-heidense reste. Dit is o.i. ook die taak van die christelik gefondeerde Godsdiensfilosofie met sy metode van selfondersoek, kritiek en verdediging van die beginsels van die christelike geloof. Dit is nie so nie dat ons nou wil beweer dat al die probleme van die godsdienswetenskap nou opgelos is, miskien kom hulle nou eers aan om opgelos te word, maar hierdie weg wat ons aan u met enkele trekke voorgestel het, is die enigste weg waarlangs deur christenteoloë naar 'n oplossing gesoek mag word en waarlangs o.i. 'n oplossing moontlik is.

Ons spreek hier graag 'n woord van dank tot die senaat en die raad vir die eer met die benoeming tot hierdie profesoraat in die godsdienswetenskap en tot die Kuratorium en die Algemene Kommissie van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika vir die aanbeveling tot hierdie benoeming. Ons meen egter dat ons hier moet staan nie alleen in die diens van die kerk nie, maar ook in diens van die hele land en die hele volk, maar veral in die diens van daardie deel van ons volk wat hierdie Universiteit ook wil dien. Nie alleen die roeping van hierdie Universiteit nie, maar ook die roeping van die kerk, en so ook van die teologiese fakulteit moet wees Christelik-nasionaal. Die kerk met sy amptenare en sy lidmate is dienaars van die Allerhoogste, maar bedienaars van die volk waar die arbeidsveld lê. Só sal die kerk saam met hierdie universiteit hulle roeping vervul en só alleen.

**PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN
PRETORIA.**

REEKS IV: INTREEREDES.

- No. 1. Kritzinger, M. S. B.—
**Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde as Studievak aan die
Universiteit van Pretoria.**
- No. 2. Duminy, J. P.—
Die Wiskunde en Filosofie.
- No. 3. Skawran, P. R.—
Die Sintetiese Studie van die Persoonlikheid.
- No. 4. Gey van Pittius, E. F. W.—
Volksregering met Besondere Verwysing na S.A..
- No. 5. Coertze, L. Ign.—
**Watter Regsisteem Beheers die Verhouding tussen Owerheid en
Onderdaan in die Unie, Romeins-Hollandse Reg of Engelse Reg?**
- No. 6. Bokhorst, M.—
Kultuur van 'n Waterland.
- No. 7. Viljoen, S. P.—
Die Voortbestaan van die Blanke Ras.
- No. 8. Engenbrecht, J. A.—
Die Wordings- en Verwordingsgeskiedenis van die Koranna.
- No. 9. Pelissier, G. M.—
Die Godsdiens as Illusie volgens Freud.
- No. 10. Cronje, G.—
Die Deterministiese Standpunt in die Sosnologie.
- No. 11. Willemse, W. A.—
Die Psigologie van Maatskaplike Afwykinge.